**14 NOVEMBER** **SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: PSALM 121**

## Kommer en vrede

Wanneer gelowiges op pad Jerusalem toe is om daar tot eer van die Here saam met medegelowiges te vergader, was die berge om Jerusalem hulle laaste en groot struikelblok. Om enige hoek of draai van die kronkelpad kon rowers hulle beroof van dit wat hulle as tiende na die huis van die Here gebring het, en kon hulle doodgemaak word (vgl. die gelykenis oor die barmhartige Samaritaan). Die pelgrim in Psalm 121 "kyk op na die berge" met groot kommer in sy hart, maar kyk deur die genade ook hoër en verder as die berge (vs. 2): "My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het."

Ons is almal pelgrims hier op aarde op pad na die ewige huis van God. Baie dinge bedreig ook ons op ons reispad. Kyk daardeur en besef ons "hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het." Ons God slaap nie, maar is wakker en waak elke oomblik oor ons lewens. Selfs al moet ons deur doodskaduwees van gevaarlike berge gaan, kan ons dit doen met die wete dat Hy ons "siel", ja ons "lewe", sal beskerm. Nie lyding of benoudheid, nie beproewing of watter aanslag ook al, selfs nie eers die dood kan ons skei van Hom wat ons na hierdie lewe gestuur het om 'n verskil hier te maak nie (vs. 8): "Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan, nou en vir altyd."

Kyk hoër as die berge. Kyk verder as die gevaar. Sien raak in Wie se hande alles – ook ons – is.

*Sing: Psalm 121* *Dr Henk Stoker (Rietvallei)*